

Leipoldt se Oorlog

(In die vorige uitgawe van Historia is Van Zyl se boek deur Con de Wet geresenseer. Met hierdie tweede resensie sit Fransjohan Pretorius die gesprek oor dié besondere bundel voort – Red.)

Wium van Zyl, Hierdie land van leuens. ‘Briewe uit de Kaap Kolonie’ oor die Anglo-Boereoorlog soos gepubliseer in Het Nieuws van de Dag, 21 Mei 1900 – 7 Oktober 1901 deur C. Louis Leipoldt

Africana Uitgewers, Kaapstad, 2002

154 pp

ISBN 0 620 29475 2

Prys: R59,95 + R7,00 posgeld (waar toepaslik)

Hierdie land van leuens – ’n tydlose titel - bied vir die belangstellende in sowel die Anglo-Boereoorlog as die Afrikaanse letterkunde fantastiese pitkos. Dit bevat twaalf “Briewe uit de Kaap Kolonie” van ’n jong C. Louis Leipoldt (gebore 1880) wat hy van Mei 1900 tot Oktober 1901 in die Amsterdamse koerant *Het Nieuws van de Dag* gepubliseer het.

Wium van Zyl het die Nederlandse briewe in Afrikaans vertaal en van ’n deeglike en verhelderende inleiding en annotasies voorsien. Sowel die Afrikaanse vertaling as die oorspronklike Nederlandse teks is in die werk opgeneem.

In ’n bondige voorwoord wys Leopold Scholtz die leser op die allerbelangrikste, naamlik dat die briewe vir ons meer van Leipoldt self vertel. Dit openbaar hom as ’n felle Afrikanernasionalis, iemand wat sy nering as joernalis skaamteloos vir ’n politieke doel aanwend. Wat dit so interessant maak, reken Scholtz, is die feit dat Leipoldt later ’n “afvallige” geword het – ’n Sap, “iemand wat in feitlik elke denkbare opsig van die heilige ortodoksie van Afrikanernasionalisme afgedwaal het.”

Aanvanklik lê Leipoldt klem op die eenheid onder Koloniale Afrikaners, maar hy raak toenemend krities teenoor hulle en kla oor hulle passiwiteit, lafhartigheid en onvermoë om die Boere daadwerklik te help. Hy kan ook nie baie van hulle se lojaliteit teenoor koningin Victoria klein kry nie. Teen die einde raak Leipoldt selfs krities op die Boere wat die Kaapse Rebelle versaaak het.

Baie van die gebeure waaroor Leipoldt skryf, het hy nie self meegemaak nie. Hy verklaar: “Gerugte, dit is al waarop ons hier moet bestaan.” (p 46). En dan weer: “Dit is nie so maklik om uit te vind wat eintlik die waarheid is nie” (p 47) - hierdie is trouens “’n land van leuens” (p 23). Die waarde van sy briewe lê dus nie soseer in feitelike inligting nie as in die persepsies wat hy weergee of skep, daardie geestesklimaat wat ’n geskiedenis maker in eie reg is.

Opvallend is dat Leipoldt die ervaringswêreld van die Nederlandse leser in gedagte hou. Hy vergelyk ’n groepie vroue op ’n Paarlse protesvergadering na voorkoms met die uitbeelding van ou vrouetjies met hul bont kappies deur oud-Hollandse skildermeesters, en enkele van sy sinne kom ooreen met (vir Nederlanders) welbekende aanhalings uit die werke van Multatuli.

Stukkies humor val op, en daarvoor sorg byvoorbeeld generaal Christiaan de Wet se optrede: “Die dapper De Wet! ... Hy is byna net so alomteenwoordig as die Wandelende Jood en so moedig as die luiperds wat ’n mens nog hier en daar in die Transvaal aantref. Onlangs is verneem dat hy by Rustenburg was waar hy homself daarmee vermaak het – en Kitchener heftig laat vloek het – deur die spoorlyn in mooi, reëlmatige stukkie op te sny. Hy is in die eerste plek iemand wat van orde hou ...” (p 45).

Inligting oor die verskroeiende aarde-beleid van lords Roberts en Kitchener het Brittanje en Europa maar stadig bereik, maar vanweë sy pro-Boerhouding in ’n Britse kolonie waar daar toegang tot die buiteland was, is Leipoldt se briewe van die vroegste onthullings oor die gevolge van daardie beleid. Emily Hobhouse het eers met haar besoek aan Suid-Afrika in Januarie 1901 bewus geword van die konsentrasiekampe, maar Leipoldt se brief van 13 November 1900 wat op 15 Desember 1900 gepubliseer is, maak al melding van die kamp in Port Elizabeth waar daar toe al 400 Boerevroue en kinders en ’n paar swart bediendes gehuisves is. Die sterftes het toe nog nie werklik ’n aanvang geneem nie.

Hoewel oor die algemeen uitstekende werk, het daar in sowel die inleiding as die annotasies ’n paar foutjies ingesluip. Enkele voorbeelde: Die spelling *De Volkstem* (p 7) geld vir die blad ná die Anglo-Boereoorlog – tot 1900 was die spelling *De Volksstem*. Monypenny sou nie later redakteur van die Johannesburgse *The Star* word nie (p 8) – hy was dit reeds voor die Anglo-Boereoorlog en het die pos ná die oorlog weer opgeneem. Lord Roberts het nie in Oktober 1900 na Brittanje teruggekeer nie (p 93), maar Pretoria op 29 November 1900 verlaat en op 11 Desember skeep gegaan, en genl. Piet Cronjé het nie op 22 Februarie 1900 by Paardeberg oorgegee nie (p 93), maar vyf dae later. Die “Magaliesberg-omgewing en die Moot” (p 97) waar genl. R. Clements geopereer het, was/is dieselfde plek. Lukas Meyer was nie tot 1887 president van die Nuwe Republiek nie (p 98), maar tot 1888. Die Slag van Stormberg was nie op 11 Desember 1899 nie (p 99), maar die vorige dag. En by die Bronnelys ontbreek die werke van minstens T.R.H. Davenport, *The Afrikaner Bond* (1966) en J.H. Snyman, “Die Afrikaner in Kaapland, 1899-1902”, *Suid-Afrikaanse Argiefjaarboek*, 1979(II), werke wat nuttige insigte aan die annoteerder sou verskaf het.

Book Reviews

Hierdie ligte kritiek weeg nie op teen die groot meriete van die werk nie. Ek is dit met Van Zyl roerend eens waar hy sy inleiding afsluit met die woorde: “Die lees van ‘Brievens uit de Kaap Kolonie’ laat ’n mens besef dat ’n deeglike studie van Leipoldt se vroeë joernalistieke werk in die geheel in verskillende opsigte lig kan werp op sy latere literêre oeuvre ... [Dit] bied terselfdertyd ’n kultuurhistoriese dokument van waarde en ’n heel besondere blik op lojaliteite en botsings wat oor baie dekades ’n uitwerking in die land sou hê. Laasgenoemde feit alleen al maak van hierdie reeks artikels ’n onderdeel van Leipoldt se oeuvre wat beter bekendheid by die Suid-Afrikaanse leserspubliek verdien.” (pp 18-19).

Fransjohan Pretorius
Departement Historiese en Erfenisstudies
Universiteit van Pretoria